
dorpsontwikkeling en uitbreiding het noodsaaklik geword.[35] Al hoe groter druk is ook op die bestaande basiese dienste en infrastruktuur geplaas.

Afgesien van die 86 straatkrane was daar ook sowat 1 100 waterpunte sonder meters in Ipelegeng. Nagenoeg 759 punte het tog meters gehad. Hierdie situasie was nie voordelig vir die Dorpskomitee nie, want dit het beteken dat daar baie verbruikers was wat nie betaal het nie.



Waterkrane in Ipelegeng (Bron: Me. S.J. Bester)

Wat elektrisiteit betref, was daar in 1990 net sowat 88 private aansluitings.[36] Ipelegeng het op 23 September 1991 die Dorpsraad van Schweizer-Reneke verwittig dat hulle nie die elektrisiteitsrekening kan betaal nie.[37] Die Dorpskomitee is tot 7 Oktober 1991 tyd gegee voordat die dienslewering gestaak sou word.

Omdat die Dorpskomitee van Ipelegeng nie die rekening voor die keerdatum kon betaal nie, is die elektrisiteitsvoorsiening aan Ipelegeng opgeskort. Die Dorpskomitee het by die Streeksdiensteraad om finansiële hulp gevra. Na byna twee maande het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke weer die diens herstel nadat die nodige fondse van die Streeksdiensteraad verkry is.[38]

Gedurende 1992 het Ipelegeng Dorpskomitee besluit om elektrisiteit direk van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM) te koop.[39] Dit het nie werklik aan die situasie

35 Kyk ook afdeling 4.4.4 van hiérdie hoofstuk.
36 IPK, Jaarverslag aan die Departement van Gesondheid, 1990, p. 5.
37 SRO, 8/7: Navrae oor elektrisiteit, Hoof Uitvoerende Beampte, Wesvaal-streeksdiensteraad/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 23.09.1991.
38 IPD, Mondelinge mededeling, R. Hattingh, Voormalige hoof uitvoerende Beampte/S.J. Bester, 17.03.1993.
39 IPD, 17/2/8/5/1: Elektrisiteitsvoorsiening, hoof uitvoerende Beampte, Ipelegeng/Stadsklerk Schweizer-Reneke, 28.05.1992.

verander nie, aangesien ESKOM vir die diens betaal moes word en met nie-betaling die diens ook opgeskort sou word. Tog was hierdie besluitneming in die gees van die groter onafhanklikheid wat die Dorpskomitee na die verkiesing van 1988 gehad het.

## 4.3 IPELEGENG AS DEEL VAN DIE VERANDERENDE SUID-AFRIKA

### 4.3.1 Radikale veranderinge

Dit was dan die omstandighede in Ipelegeng ten opsigte van dienslewering en infrastrukturele ontwikkeling op die vooraand van die geboorte van die nuwe Suid-Afrika, wat begin het met die ontbanning van die African National Congress (ANC) en die vrylating van Nelson Mandela in 1990.[40] Hiermee het Suid-Afrika 'n tydperk van radikale politieke veranderings binnegegaan.

Binne hierdie raamwerk van veranderinge het sake soos gelyke geleenthede, die afskaffing van "apartheid" en gesamentlike deelname aan regeringstrukture baie aandag gekry. Plaaslike besture is ook in ooreenstemming met die veranderings aangepas.

In Maart 1993 is 'n onderhandelingsforum deur die regering gestig met die doel om 'n demokratiseringsproses op plaaslike regeringsvlak van stapel te stuur.[41] As uitvloeisel van die forum se werksaamhede is die Wet op die Oorgang van Plaaslike Regering in 1993 aanvaar.[42]

Hiervolgens moes daar op plaaslike vlak 'n onderhandelingsforum vir plaaslike besture aangestel word. Hierdie onderhandelingsforums moes volgens die wetgewing uit statutêre en nie-statutêre verteenwoordigers bestaan. Bestaande plaaslike bestuurstrukture is nie deur hierdie forum vervang nie.

'n Forum soos deur die Oorgangswet van 1993 vereis, is ook op Schweizer-Reneke in die lewe geroep. As deel van die statutêre afdeling van die forum het die Dorpskomitee van Ipelegeng vier verteenwoordigers gehad. Die volle forum het uit 31 afgevaardigdes bestaan, en het elke week vergader.[43]

---

40 Reader's Digest, **Illustrated history of South-Africa: The real story**, pp. 288-295.

41 Republiek van Suid-Afrika, Sekretariaat van Plaaslike Regering Onderhandelingsforum (PROF), Junie 1993.

42 **Staatskoerant**, 02.02.1993.

43 SRO, 2/33: Administrasie: Nuwe staatkundige bedeling, Faks: Sekretaris, Departement Staatkundige Ontwikkeling/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 27.07.1994.

As uitvloeisel van die wetgewing is daar ook op 11 Oktober 1994 'n Plaaslike Regeringkoördineringskomitee[44] deur die Schweizer-Reneke Onderhandelingsforum saamgestel. Dit het bestaan uit 16 lede, waarvan 8 statutêre en 8 nie-statutêre verteenwoordigers was. Ipelegeng se verteenwoordigers in hierdie komitee wat maandeliks vergader het, was mnre. Jonas Marumo en K. Morebudi.[45]

So is Ipelegeng saam met ander plaaslike owerhede dwarsoor Suid-Afrika op die pad van volle demokrasie geplaas. Hierdeur het gesamentlike deelname ook gesamentlike verantwoordelikhede gebring om die gemeenskap wat gedien word na die algemene verkiesing van 1994 te lei. Dit is gevolg deur die plaaslike verkiesing in 1995.

In die plaaslike verkiesing was agt van die tien stemlokale by Schweizer-Reneke in Ipelegeng. Vir hierdie verkiesing het 7 129 kiesers van die 11 279 wat op die kieserslys was gestem. Dit het die stempersentasie op 63,20% gebring terwyl 141 stembriewe bedorwe was. Met die 78,46% van die stemme wat die ANC op hom verenig het, kan Schweizer-Reneke as 'n sterk ANC-vesting in die Noordwesprovinsie beskou word.[46]

Mnre. I. Gxaweni en M.M.L. Makhate was onderskeidelik die burgemeester en onderburgemeester volgens die verkiesingsuitslae.[47] Met die plaaslike verkiesing is Schweizer-Reneke, Ipelegeng, die Kleurlingwoongebied en die Indiërwoongebied onder die bestuur van die verkose Plaaslike Oorgangsraad geplaas.

---

44 Die volgende statutêre liggame was deel van die koördineringskomitee: Afrikaner Vryheidsfront, Charon Bestuurskomitee (Kleurling woongebied van Schweizer-Reneke), Dorpskomitee van Ipelegeng, Konserwatiewe Party, Nasionale Party, Roshunville Bestuurskomitee (Indiër woongebied van Schweizer-Reneke), Stadsraad van Schweizer-Reneke, Wesvaal-streeksdiensteraad en die Schweizer-Reneke belastingbetalersvereniging. Lede van die statutêre komponent was mnre. F.E. Cajee, N.M. Kilian, T.J. Marumo, J.J. Meyer, K. Morebudi, F.W. Munnik, J.D. Swemmer en me. F.S. Keet. Nie-statutêre liggame wat aan die koördineringskomitee deelgeneem het was die volgende: African National Congress, Charon Civic Association, Inkatha Freedom Party, Ipelegeng Civic Association, South African Communist Party en die Schweizer-Reneke and District Civic Association. Mnre. M.I. Gxaweni, M.G. Madevu, M.A. Mpempe, Y.M. Cajee, R. Kathrada, B. Kanjee, T.A. Matsoa en me. B. Molatlhegi was verteenwoordigers van hierdie niestatutêre komponent. SPO, 2/33: Administrasie: Nuwe Staatkundige bedeling, SRO, 2/33, **Ooreenkoms vir die stigting van 'n Plaaslike regerings koördineringskomitee vir Schweizer-Reneke volgens die Oorgangswet van 1993.**

45 SRO, 2/33: Administrasie: Nuwe staatkundige bedeling, Stadsklerk/Schweizer-Reneke/Streeksdirekteur, 11.10.1994.

46 SRO, 2/7/3: Verkiesingsuitslae, 01.11.1995.

47 SRO, Lys van Stadsraadslede van Schweizer-Reneke, 1995.

Die Schweizer-Reneke Oorgangsraad was net soos die ander oorgangsrade in Suid-Afrika die eerste geleentheid vir alle inwoners om saam aan plaaslike bestuur deel te neem. Hiermee het 'n nuwe era vir die sogenaamde Reënboognasie op plaaslike vlak aangebreek.



Mnr. M.G.B. Madera - huidige burgemeester (1997) (**Bron:** Me. S.J. Bester)



Die huidige Dorpsraad (1997)

Eerste ry: M.I. Gxaweni, M.G.B. Madera (burgemeester), M.A. Mpenpe
Middel: B.D. Molathegi, T.A. Matsao, M.M.L. Makkati, G.P. Kokie
Agter: Mnre. A. Engelbrecht (Stadsklerk), C.J. Ungerer, J.D. Coombs (Assistentstadsekretaris), N.M. Killian, P.J. Joubert (Stadstesourier)


(**Bron:** Me. S.J. Bester)

## 4.4 INFRASTRUKTURELE ONTWIKKELING


### 4.4.1 Ontwikkeling op kerklike gebied

Gedurende Mei 1982 het die New Church by Ipelegeng gemeenskapsraad aansoek gedoen om 'n kerkperseel.[48] Die perseel is toegestaan, maar dit sou eers vroeg in Maart 1986 wees dat bouplanne vir die kerk vir goedkeuring ingegee is.[49]

Aan die einde van 1982 is die NG-Kerk in Afrika se aansoek vir die bou van 'n nuwe pastorie toegestaan.[50] Bouwerk is egter gedoen na gelang fondse beskikbaar geword het, en die gebou is nog nie voltooi nie.



Die ou pastorie van die NG-Kerk (Nederduitse Gereformeerde Kerk)
**(Bron:** Me. S.J. Bester)



Die nuwe pastorie in aanbou **(Bron:** Me. S.J. Bester)


---

[48] IPO, BG 21/805: Memorandum, Direkteur van Wesvaal-streeksdiensteraad/Woongebiedbestuurder, Ipelegeng, 04.05.1982.

[49] IPO, BG 21/805: Woongebiedbestuurder, Ipelegeng/Direkteur van werke Potchefstroom, 05.03.1986.

[50] IPO, BG 21/150: Aansoekvorm vir die bou van 'n pastorie, 07.12.1982.

Teen die einde van 1985 het die Rooms Katolieke Kerk aansoek gedoen om 'n kerk en pastorie in Ipelegeng op te rig.[51] Die aansoek is toegestaan en die kerkgebou en pastorie is in 1986 voltooi.



Die Rooms Katolieke Kerk in Ipelegeng (Bron: Me. S.J. Bester)

Nog 'n kerkgenootskap wat om 'n perseel aansoek gedoen het, is die Zion Christian Church. Alhoewel die aansoek reeds in 1988 toegestaan is, is daar tans nog nie 'n kerkgebou opgerig nie.[52]

### 4.4.2 Skole en onderwysontwikkeling in Ipelegeng

In 1978 het Tshwaraganelo Laer Primêre Gemeenskapskool 1 125 leerlinge gehad. Omdat die fasiliteite van die skool ontoereikend was, moes die pelotonstelsel[53] ingestel word. Twee kerkgeboue is ook vir klaskamers gebruik. Kolong Hoër Primêre Gemeenskapskool het 603 leerlinge gehad en ook daar moes van die pelotonstelsel gebruik gemaak word om in die behoefte te voorsien.

Met die stygende leerlingtalle as motivering is die betrokke onderwysdepartement teen die helfte van 1978 versoek om nog 'n primêre skool in Ipelegeng te stig.[54] Die versoek is toegestaan en aan die begin van 1979 is Mamusa Laer Primêre Gemeenskapskool geopen.[55]

Aangesien die naaste swart sekondêre skool die Bethel Sekondêre Skool naby Coligny was, was daar 'n groot behoefte in Ipelegeng aan 'n sekondêre skool wat klasse van Standerd ses tot agt kon

---

51 IPO, BG 22/316: Direkteur van werke, Potchefstroom/Woongebiedbestuurder, Ipelegeng, 28.11.1985.

52 IPO, BG 21/1124: Aansoek vir kerkperseel, 22.08.1988.

53 Kyk voetnoot oor pelotonstelsel by 3.2.2.

54 Transvaalse Argiefbewaarplek (NAB), Argief van die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO), A 20785: Voorsitter, Skoolraad/Kringinspekteur van Onderwys en Opleiding, 27.07.1978.

55 NAB, DOO, A 20785: Sekretaris van Onderwys en Opleiding/Streeksdirekteur van Onderwys en Opleiding, 22.01.1979.

aanbied. In Augustus is daar suksesvol om 'n sekondêre skool aansoek gedoen.[56] Gedurende 1978 is klaskamers vir gebruik van die sekondêre skool by Kolong Hoër Primêre Skool aangebou. Die Ipelegeng Junior Sekondêre Skool is op 22 Januarie 1979 in gebruik geneem.[57]

As gevolg van die beperkte akkommodasie moes die pelotonstelsel toegepas word. Die onvoldoende fasiliteite het ook veroorsaak dat die leerlinge nie 'n groot kurrikulumkeuse gehad het nie, en die skool het byvoorbeeld ook nie wetenskapapparaat gehad nie.[58] Na gelang die leerlingtalle gestyg het, het die reeds bestaande behoefte aan groter onderwysfasiliteite steeds dringender geword. Nadat' n nuwe skool opgerig is, het die Kolong Hoër Primêre Skool gedurende Mei 1986 na sy nuwe gebou getrek. Hierdie nuwe skool het genoeg klasse gehad en die pelotonstelsel kon afgeskaf word.

Ook vir die sekondêre skool is 'n nuwe skoolgebou met die nodige sentrums, laboratoriums en biblioteek opgerig. Hierdie skool is op 9 September 1988 amptelik ingewy. Met die nodige fasiliteite beskikbaar kon standerd nege-klasse vanaf 1987 aangebied word. In 1988 is die eerste matriekklasse by die skool aangebied.[59]

Nog 'n hoër primêre skool, Ikgomotseng, is in 1994 in gebruik geneem. Tans is die Itshupeng Hoërskool nog in aanbou en spog dit reeds met 'n leerlingtal van sowat 1 225.[60] Die uitbreidings en ontwikkeling wat op onderwysgebied plaasgevind het, het 'n positiewe invloed gehad op die opvoedingspeil van Ipelegeng se inwoners gehad. Teen 1991 was die gemiddelde vlak van opvoeding in Ipelegeng tussen graad een en standerd drie.[61]


### 4.4.3 Gesondheidsdienste by Ipelegeng-kliniek

Sowat 15 jaar nadat die Ipelegeng-kliniek opgerig is, het die Stadsklerk van Schweizer-Reneke gedurende 1973 by die Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasie verneem of die Bantoe-

---

56 NAB, DOO, A 20103: Voorsitter, Skoolraad/Kringinspekteur van Bantoe-onderwys, 01.08.1977.
57 M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 140.
58 NAB, DOO, Inspeksieverslag, Ipelegeng Junior Primêre Skool, 05.06.1980.
59 M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, pp. 140-141.
60 IP, Mondelinge mededeling,, G. Letswalo/S.J. Bester, 10.04.1996.
61 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Sentrale Statistiekdiens, Verslag nr. 03-01-07, **Onderwyspeil en inkomste volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik vir 1991**, 1991, pp. 664, 695.

Administrasieraad fondse beskikbaar kon stel om die Kliniek op te knap.[62] Teen die middel van Maart 1974 is die nodige finansiële hulp bekom en kon met die opgradering begin word.[63]



Ipelegeng-kliniek (Bron: Me. S.J. Bester)

Aangesien suster R.T. Birkholtz teen 1986 nog die enigste voltydse klinieksuster was, het die Departement van Gesondheid toestemming aan die Dorpsraad van Schweizer-Reneke verleen vir die aanstelling van 'n voltydse swart verpleegster. So 'n aanstelling was nodig om die werkslas van Birkholtz te verlig, en die Dorpsraad het ook tot die salaris bygedra.[64]

Aan die einde van Maart 1990 het suster Birkhorstz die tuig neergelê en is sy opgevolg deur suster Sonja van Vuuren. Laasgenoemde het die dienste wat by die kliniek verskaf is, uitgebrei deur bejaardesorg- en psigiatriese dienste in te stel.[65] Die aanstelling van 'n swart verpleegassistent het nie net gehelp om diens aan meer pasiënte te lewer nie, maar het ook die taalprobleem verminder.[66]

Die aanstelling van 'n gesondheidsvoorligter het verder bygedra tot die verbeterde gesondheidsdienste en die Ipelegeng Dorpskomitee het 20% van die salaris bygedra. Die voorligter moes as deel van sy pligstaat nie-oordraagbare siektes, tuberkulose- en swangerskapgevalle deur middel van tuisbesoeke opspoor en identifiseer.[67]

---

62 SRO, 10/11: Kliniek: Algemeen, Vol. 1, Streeksverteenwoordiger van Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasie, Lichtenburg/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 10.07.1973.

63 SRO, 10/11: Kliniek: Algemeen, Vol. 1, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/B.G. Wandrag, Streeksdirekteur, 12.03.1974.

64 SRO, 10/12: Kliniek: Algemeen, Vol. 2, Agenda van Gewone Bestuurskomiteevergadering, 14.04.1986.

65 **Western Transvaal Record**, 15.04.1991.

66 SRO, 10/12: Kliniek: Algemeen, Vol. 3, Agenda van Gewone Bestuurskomiteevergadering, 20.08.1990.

67 SRO, 10/12: Kliniek: Algemeen, Vol. 3, Motivering vir die aanstelling van 'n voorligter, 30.05.1991.

Ipelegeng se inwonerstal het teen 1992 tot nagenoeg 20 000 gestyg. Die Onafhanklike Ontwikkelingstrust het R313 000 vir die oprigting van 'n nuwe kliniek in Ipelegeng aan die Dorpsraad van Schweizer-Reneke bewillig.[68]

Suster Sonja van Vuuren se dienste by Ipelegeng-kliniek is gedurende 1995 beëindig en suster Willemina Mogaba is tans die suster in beheer. Die kliniekpersoneel veg 'n verbete stryd om met beperkte fondse en voorraad genoegsame en doeltreffende gesondheidsorg te verskaf.

Dit was egter nie net gesondheidsorg wat aandag geniet het nie. Die plakkersprobleem wat reeds in die 1940's begin kop uitsteek het, het ook dringend aandag nodig gehad. Destyds het die Dorpsraad die probleem bekamp deur toestromingsbeheer toe te pas (kyk afdeling 2.7 van Hoofstuk 2).

### 4.4.4 Sosiaal-maatskaplike aangeleenthede

- ***Plakkervraagstuk*[69] *en gebiedsuitbreiding***

Teen 1991 was daar nagenoeg 3 200 plakkers naby Ipelegeng en is 363 ha deur die Dorpskomitee van Ipelegeng vir dorpsuitbreiding aangekoop en is die dorpsgebied van Ipelegeng tot 560 ha vergroot. In hierdie gedeelte wat in die omgangstaal as Uitbreiding 3 bekend staan, is sowat 3 000 erwe uitgemeet.[70]

Gedurende 1995 is nog grond beskikbaar gestel sodat die dorpsgebied verder vergroot kon word. Hierdie deel van Ipelegeng word Uitbreiding 4 genoem.

In beide die uitbreidings is die meerderheid huise werklik niks meer as plakkershutte nie en is die erfgrootte nagenoeg 20 m x 16 m. Hier is dit ook 'n algemene verskynsel dat die wonings

---

68 SRO, 10/12: Kliniek: Algemeen, Vol. 4, Waarnemende streeksdirekteur van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, Johannesburg/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 08.06.1992.

69 So vroeg as die einde van die vorige eeu het die destydse provinsiale regering van die Kaapprovinsie dit nodig geag om Wet 30 van 1899 rakende die plakkervraagstuk uit te vaardig. Hiermee is strukture in die plek gestel om die plakkers wat boere op hul plase toegelaat het terwyl hulle op die plase gewerk het, te administreer.
Gedurende 1952 het die Nasionale Party regering die Wet op die Voorkoming van Onwettige Plakkery aanvaar. Ongeveer dertig jaar later is die totale plakkerbevolking van Suid-Afrika in 1881 op sowat 1,5 mil. bereken wat blyk dat die vraagstuk daarmee 'n onuitwisbare deel van die S.A.-gemeenskap gebly het. Kyk C.C. Botha, **'n Gesprek rondom plakkery**, p. 4.

70 IPK, Gesondheidsverslag van Ipelegeng Kliniek, 1990, p. 5.

oorbewoon is en dat die uitbreek van siektes daardeur bevorder word.[71] Die huurkoste van 'n erf wissel tussen R15 en R26 per maand in onderskeidelik Uitbreiding 3 en Uitbreiding 4.

Tans het Uitbreiding 3 straatligte, terwyl Uitbreiding 4 nog ontwikkel word. Dit gee aanleiding tot kriminele optredes soos roof en geweld. Die inwoners gebruik ook die kaartstelsel om elektrisiteit by ESKOM te koop. Volgens die stelsel ontvang die inwoners elektrisiteit vir die krediet wat op hul kaarte is.[72]

Omdat die inwoners van Uitbreiding 3 ver moes loop om water te bekom, wou hulle nie vir dienste betaal nie. In samewerking met 'n Ontwikkelingskomitee van Ipelegeng wat in 1994 gekies is, het Ipelegeng Dorpskomitee aan die einde van 1994 by die Wesvaal-streeksdiensteraad aansoek gedoen om fondse vir 'n watervoorsieningsprojek in Uitbreiding 3. Met hierdie projek, wat gedurende 1995 voltooi is, is die uitbreiding van straatkrane voorsien.[73]

Voordat die eerste erwe in Uitbreiding 4 gedurende 1995 uitgemeet sou word, het Ipelegeng-dorpskomitee weer by die Streeksdiensteraad om finansiële hulp ten opsigte van watervoorsiening aan die Uitbreiding aangeklop. Hierdie projek is egter nog nie finaal afgehandel nie.

Wat die sanitasiediens aan die twee uitbreidings betref, word die emmerstelsel nog grootliks gebruik. Verder is die Uitbreidings ook by die vullisverwyderingsdiens van Ipelegeng aangesluit.[74]

As gevolg van die gebrek aan voldoende, klaar afgemete erwe, waar dienste gelewer kan word, raak plakkers ongeduldig en beset onwettig terreine wat nie vir woondoeleindes uitgelê is nie. Vir die Oorgangsraad van Schweizer-Reneke verskaf dit baie probleme, aangesien die plakkers nie geneë is om die besetting op te sê nie.[75]

Dit is dus duidelik dat die plakkersprobleem by Ipelegeng, net soos in die res van Suid-Afrika, nie vinnig en pynloos opgelos sou word nie.[76] Tog het die Oorgangsraad die uitdaging aanvaar en geniet sake soos behuising en dienslewering hoë prioriteite.

---

71 IPK, Skriftelike mededeling, M.W. Lenote, p. 2.
72 IPD, Mondelinge mededeling, I. Kokie, Munisipale klerk/S.J. Bester, 25.05.1996.
73 SPO, 20/1: Hoof Uitvoerende Beampte, Wesvaalstreek/Stadsklerk, Ipelegeng, 23.05.1995.
74 IPD, Mondelinge mededeling, I. Kokie, Munisipale klerk/S.J. Bester, 08.03.1996.
75 SPO, 20/1: Wesvaal-streeksdiensteraad, Klerksdorp/Stadsklerk, Ipelegeng, 12.05.1995.
76 Vergelyk voetnoot 69.

Verder dra die genoemde dorpsuitbreidings by tot ontwikkeling op terreine soos onderwys en gesondheid, wat positief inwerk op die algemene gemeenskapsontwikkeling en -opheffing in Ipelegeng.

- ***Sport en kultuur***

Aangesien sport een van die faktore is wat ook positief op gemeenskaplike ontwikkeling kan inwerk, kan die een sportveld wat Ipelegeng tans besit as onvoldoende beskou word. Verder is daar ook nie genoegsame sportfasiliteite by die skole nie, en die sportveld van Ipelegeng word ook deur hulle gebruik.

Die stoele wat as paviljoen dien, het ook opgradering nodig. Om die nodige fondse te bekom, is egter nie altyd maklik nie. Dit is ook die rede waarom daar nie 'n ander sportveld in die vooruitsig gestel word nie.

Tans besit Ipelegeng oor geen golfbane, tennisbane of swembad nie. Diegene wat dié sportsoorte wil beoefen, moet die bane van Schweizer-Reneke gebruik.

Op kulturele gebied is daar 'n dansgroep op die been gebring. Die aanvoorwerk vir 'n koor is ook reeds gedoen en daar sal binnekort met repetisies begin word.

Die skole en kerke lewer net soos in enige ander gemeenskap ook 'n belangrike sosiale funksie. So byvoorbeeld bied die skole elke jaar hulle skoonheidskompetisie in die gemeenskapsaal aan.[77]

As ontwikkelde dorp het Ipelegeng "groeipyne" ten opsigte van dienslewering aangesien daar te vinnig uitgebrei word en dienste nie kan bybly nie. Dorpsuitbreiding plaas ook groot druk op infrastrukturele ontwikkeling, soos byvoorbeeld die skole en gesondheidsorg. Tog skep die uitbreidings wonderlike geleenthede aan die entrepreneurs van Ipelegeng.

Vanweë politieke verandering het Ipelegeng vanaf 'n verteenwoordigende plaaslike bestuur tot 'n verantwoordelike bestuur gegroei. Dit bewys dat die Ipelegeng-gemeenskap kan aanpas en nie wegdeins van die uitdagings wat op die gemeenskap se pad kom nie.

---

77 IPD, Mondelinge mededeling, J. Kosing/S.J. Bester, 04.02.1997.